# KORT WOORD VAN WAARDERING.

**Vir prof. Labuschagne.**

Waar ek weens my vertrek na die buiteland nie in die geleentheid was om breedvoeriger te kan getuig van wat prof. Labuschagne beteken het en beteken vir ons inrigting. vir die departement Afrikaans-Nederlands en vir die vorming van sy studente, en waar ek dit aan die vakmanne moet oorlaat om hulde te bring aan sy arbeid en verworwe insigte op taalkundige gebied, is ek bly oor die geleentheid wat my gegee word om met hierdie paar woorde my hoë waardering en warme dankbaarheid te betuig vir die lang jare van aangename samewerking en troue steun, die onbaatsugtige vriendskap wat ek van my kollega mog ontvang.

Vir hierdie verryking van my lewe, amptelik en persoonlik, wil ek hom graag dank sê.

Dit stem tot verdere dankbaarheid dat deur sy aanstelling as emeritus-professor hierdie samewerking mag voortgesit word.

G. DEKKER.